Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 23

19 Julie 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

PERSONEEL
Ons wil Mev. Bester hartlik verwelkom by graad 2. Ons hoop dat sy werklik gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees.

BELANGRIKE DOKUMENTE VIR BESTAANDE- EN NUWE OUERS
Alle nuusbriewe, buitemuurse roosters, kalender, klerewinkel se pryslyste/bestelvorm, aansoekvorms en nasorginligting word nou op ons skool se webwerf geplaas. Nuusbriewe word ook elke Vrydag op ons skool se Facebook-blad geplaas. Volg hierdie skakels vir voorgenoemde:

Webwerf: www.laerskoolnewtonpark.co.za
Facebook-blad: www.facebook.com/LaerskoolNewtonpark

PLASING VAN HUISWERK
Soos u reeds weet, het ons skool wegbeweeg van die D6-toep. Huiswerk sal nou op die volgende **TWEE maniere** aan die ouers beskikbaar gestel word sodat dit van beide u selfoon en rekenaar toeganklik is.

SELFOON - SMS: 'n SMS met 'n aanhangsel word Maandae aan ouers gestuur. Maak dus seker dat die skool u korrekte selfoonnommer het.

REKENAAR - Google Drive: Huiswerk vir alle grade sal aflaaibaar wees vanaf 'n Google-Drive rekening. Volg hierdie skakel om toegang tot hierdie lêers te kry:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

Hierdie skakel bly deur die loop van die jaar dieselfde, so u kan weekliks hierdie skakel volg om die huiswerk te bekom.

Vir meer inligting rakende die gebruik van Google Drive en hoe om hierdie lêers te bekom, volg gerus die volgende skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=4i4BP0vgK-c&ab_channel=Mr.Vacca

KOMMUNIKASIE
Ons skool se hoofbron van kommunikasie is nou per WhatsApp. Maak asseblief seker dat u aansluit by u graadgroepe om op datum te bly met belangrike datums, kennisgewings ens. Let wel: **Hierdie is nie 'n kletsgroep nie** – slegs belangrike inligting word deur die onderwyser/klasverteenwoordiger deurgegee.

LAERSKOOL NEWTONPARK (AFLAAI-AREA)
Ons wil tog 'n vriendelike versoek aan ouers rig om soggens die parkeerareas langs die skool as aflaai- en rysones te hanteer. Elke ouer wil graag sy/haar kind veilig aflaai en ons kan dit slegs doen as ons mekaar help deur ons kinders so spoedig moontlik af te laai, sodat iemand anders ook van die aflaai-areas gebruik kan maak.

GESINSKAMP 30 AUGUSTUS – 1 SEPTEMBER 2024
Ons is baie opgewonde oor die gesinskamp wat by Willows gaan plaasvind. 'n Omsendbrief met al die besonderhede rakende die kamp is verlede week aan u deurgestuur. Ons het nog om en by 20 staanplekke beskikbaar. **Soos u dan inbetaal volgens die voorskrifte op die omsendbrief, kan u 'n staanplek by Mev. Laas kom kies.**

ONDERSTEUNERSHEMDE
Ons wil al ons ouers aanmoedig om vir u Laerskool Newtonpark-ondersteunershemde aan te skaf. U kan by ons klerewinkel kom aanpas, dan doen ons bestellings.

FACEBOOK BLAD: SKOOLKLERE
Die facebook-groep, SKOOLKLERE - Laerskool Newtonpark, bestaan steeds en dit is lekker besig daarop. Maak gerus van die gerief gebruik as u van skoolklere wil ontslae raak wat te klein geword het vir u kinders.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

TOELATING 2025: GRAAD 2 – 7
Op Dinsdag, 16 Julie 2023 is daar 'n brief in verband met bogenoemde aan elke ouer gestuur. Die personeelvoorsiening van Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Ons versoek u om asb. die skeurstrokie, onderaan daardie brief, te voltooi en onverwyld saam met R900 deposito (per kind) skool toe stuur om sodoende te verseker dat u kind(ers) 'n plek het.

Die bedrag is voor/op 30 September 2024, betaalbaar. Hierdie bedrag is nie-terugbetaalbaar en sal dien as deel van die eerste betaling op u kind(ers) se skoolgelde vir 2025. Sodra die betaling ontvang word, sal u kind(ers) se inskrywing as afgehandel beskou word.

SKOOLGELDE 2024
Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE KWARTAAL:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 22 Julie : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Netbal : 0/8A en B teen Charlo **(t)**
Netbal : 0/12A en B teen Charlo **(w)**
Netbal : 0/13A en B teen Charlo **(w)**

Di – 23 Julie : Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
Werksafbakening: Afr, Eng, Wisk en SW na kinders
Tennis: Senior A teen Clarendonpark **(w)**
Tennis: Senior B teen Handhaaf **(t)**
Tennis: Senior C teen Charlo **(w)**
Tennis: Senior D teen St. Joseph's **(w)**

Wo – 24 Julie : Junior Koor : **07:30 tot 08:00**
Klerewinkel : **12:00 tot 14:00**
Rugby : 0/9A teen Bonzai **(t)**
Rugby : 0/11A teen Bonzai **(t)**
Rugby : 0/11B teen Herbert Hurd **(t)**
Rugby : 0/13A teen Bonzai **(t)**
Rugby : 0/13B teen Herbert Hurd **(t)**

Do – 25 Julie : *** Mnr. Wessel Ebersohn verjaar**
Senior Koor : **07:25 tot 08:00**
Netbal : 0/7A en B teen Charlo **(t)**
Netbal : 0/9A teen Charlo **(t)**
Netbal : 0/10A en B teen Charlo **(w)**
Netbal : 0/11A en B teen Charlo **(w)**
Rugby : Verkenner 0/13-toernooi: LNP teen Kabegapark (w)

Vr – 26 Julie : Klerewinkel: **07:30 tot 12:00**
Junior Koor: **07:30 tot 08:00**
Skaak: LNP Snr. teen Collegiate **(t)**

Sa – 27 Julie : **Verkenner: Bulletjies- en Blommetjies sportdag – 0/7 en 0/8**

SPORT EN KULTUUR

DR. VILJOEN SPORTDAG : RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Julie	0/11A	Dr. Viljoen	LNP wen 19 – 17
13 Julie	0/13A	Dr. Viljoen	LNP speel gelykop 5 – 5

DR. VILJOEN SPORTDAG : NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
13 Julie	0/10A	Verkenner	LNP verloor 5 – 13
13 Julie	0/10A	Charlo	LNP verloor 5 – 6
13 Julie	0/11A	Verkenner	LNP verloor 3 – 5
13 Julie	0/11A	Kabegapark	LNP wen 6 – 1
13 Julie	0/12A	Dr. Viljoen	LNP verloor 13 – 17
13 Julie	0/12A	Sunridgepark	LNP wen 14 – 5
13 Julie	0/13A	Charlo	LNP verloor 5 – 25
13 Julie	0/13A	Walmer-Wes	LNP speel gelykop 5 – 5

RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
17 Julie	0/9A	Herbert Hurd	LNP verloor 5 – 30
17 Julie	0/11A	Herbert Hurd	LNP wen 15 – 7
17 Julie	0/13A	Herbert Hurd	LNP wen 31 – 24
17 Julie	0/13B	Clarendonpark	LNP verloor 0 – 55

RUGBY : VERKENNER 0/13-TOERNOOI

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
18 Julie	0/13A	Charlo	LNP verloor 10 – 34

NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 Julie	0/8A	Môrewag	LNP wen 1 – 0
18 Julie	0/9A	Excelsior	LNP wen 6 – 2
18 Julie	0/9B	Excelsior	LNP wen 4 – 0
18 Julie	0/10A	Excelsior	LNP verloor 0 – 9
18 Julie	0/10B	Excelsior	LNP wen 9 – 7
18 Julie	0/11A	Excelsior	LNP wen 5 – 1
18 Julie	0/11B	Excelsior	LNP wen 4 – 3

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
16 Julie	Senior A	Collegiate	LNP wen met 5 potte
16 Julie	Senior B	Herbert Hurd	LNP wen met 18 potte
16 Julie	Senior C	Blouwaterbaai	LNP verloor met 5 potte
16 Julie	Senior D	VP Grey	LNP wen met 10 potte

OP-RUGBYPROEWE : 0/12
Baie geluk aan die volgende o/12-seuns. Hulle is deur na die volgende rondte OP-proewe.

Calem Carlson
Benn de Wit
Büchner Ferreira
Stefan Hart

STOEI
Matthew Rosslee in Gr3B het Saterdag 13 Julie aan die Van Rooyen stoei-toernooi in Bloemfontein deelgeneem en het ‘n brons medalje in die U/9 skole afdeling in sy gewigsklas ontvang. Hy sal ook tussen 26-28 September deelneem aan die SA Jeugtoernooi in Kaapstad as deel van die OP-span. Baie geluk, Matthew!

MNR. EN MEJ. OOS-KAAP-KOMPETISIE

Laerskool Newtonpark het by die onlangse geleentheid van die Mnr. en Mej. Oos-Kaap Laerskole kompetisie die wisseltrofee vir die skool met die meeste leerlingverteenwoordiging ontvang. Ons is baie trots op die volgende leerlinge wat ons skool se naam hoog gehou het:

- Miane Barkhuizen (Gr. 7O)
- Lara van Niekerk (Gr. 7D) : 2de prinses in graad 7-afdeling
- Nina Loots (Gr. 5D)
- Corban Woest (Gr. 5F) : wenner graad 5-afdeling asook algehele wenner van die graad 1 tot 5 afdeling
- Kirsten Woest (Gr. 5SW) : wenner graad 5-afdeling
- Marli Stander (Gr. 6H)
- Rico van Vuuren(Gr. 4M) : 1ste prins graad 4-afdeling en algehele "Best Dressed" seun

KARATE

Talinaya van Rensburg in graad 3S het op 13 Julie aan die Cobra Do karatemkompetisie deelgeneem en ‘n eerste plek in haar afdeling vir haar kumite behaal. Baie geluk, Talinaya!

GIMNASTIEK

Marissa Terblanche in graad 4M het op 13 Julie 2024 aan die Oos-Kaap Gimnastiekkompetisie 1 deelgeneem waar sy die volgende in haar ouderdomsgroep (0/10) behaal het:

- Silwer : Freedance
- Silwer : Rope Routine
- Silwer : Clubs Routine
- Silwer : Overall

Amber Claassen in graad 4S het All Starz Academy by dieselfde kompetisie verteenwoordig en soos volg presteer:

- Goud : Rope dance
- Goud : Clubs
- Goud : Free dance
- Goud : Overall

JUDO

Mieke van Rensburg in graad 1T het op 15 Julie haar eerste Judo gradering by Keto Kai gedoen en haar geel streep ontvang. Baie geluk, Mieke!

EPA LANDLOOP LIGA

Iané Jukel in graad 5SW en Marc Jukel in graad 2B het die afgelope vakansie aan die EPA-landloop-ligas deelgeneem en in al 4 ligas onder die top 10 in hulle onderskeie ouderdomsgroepe geeïndig. Baie geluk, julle!